

LL

Saak No 79/1988

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
APPÈLAFDELING

Insake die appèl van:

GALEBOY ISAK MOKHOB

Appellant

teen

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

VAN HEERDEN, STEYN et EKSTEEN, ARR

VERHOORDATUM:

15 NOVEMBER 1988

LEWERINGSDATUM:

25 NOVEMBER 1988

UITSPRAAK

VAN HEERDEN AR:

Die appellant, 'n volwasse man, en ene Hugo het in die Vrystaatse Provinsiale Afdeling voor Beckley R en assessore tereggestaan op o a twee aanklagte van moord. Hy is op beide skuldig bevind. Versagende omstandighede is ten aansien van slegs een aanklag bevind. Op daardie aanklag ("die eerste klag") is die appellant gevonniss tot 12 jaar gevangenisstraf. Op die ander aanklag ("die tweede klag") is die doodvonniss opgelê. Met die nodige verlof is die onderhawige appel slegs teen voornoemde vonnisse gerig.

Beide beskuldigdes het by die aanvang van die verhoor op al die aanklagte onskuldig gepleit. Die kern van die getuienis wat daarna deur die Staat gelei is, kan soos volg saamgevat word.

Omstreeks 6 nm op 28 Desember 1986 het mev Roberts en haar eggenoot ("die eerste oorledene") onder 'n boom voor hul plaashuis in die distrik van Bothaville gesit. Naby die huis was 'n buitekamer waarin 'n Swart

werknemer, Ishmael Maine ("die tweede oorledene"), gebly het. Op 'n stadium het die eerste oorledene gesê dat hy wou gaan vasstel waarom die tweede oorledene nog nie by die huis opgedaag het om sekere take te verrig nie. Hy het toe na die buitekamer geloop. Mev Roberts het gesien dat hy die deur oopmaak en in die kamer ingaan, waarna die deur toegemaak is. Kort hierna het sy opgemerk dat 'n Swart man met 'n hamer in sy hand vanaf die omgewing van die kamer op haar afstorm. Sy het tot binne die huis gevlug en die voordeur toegesluit. Die man het egter 'n glaspaneel van die deur stukkend geslaan en toegang tot die huis verkry. In die kombuis het hy haar met die hamer aangerand. Sy het neergesak en voorgegee dat sy dood was. Hierna het sy stemme in die huis gehoor en kon sy vasstel dat persone van een plek na 'n ander in die huis beweeg het. Later het sy gehoor 'dat 'n motor wegtrek. Sy het toe orent gekom en telefonies hulp ontbied.

As gevolg van 'n berig wat hy ontvang het, het adjutant-offisier Lawson dieselfde aand na die plaas gegaan. In die buitekamer het hy die lyke van die twee oorledenes aangetref. Die eerste oorledene is in 'n knielende houding oor 'n stoel gevind. 'n Mes se hef het by sy rug uitgesteek. Onder die bed in die kamer was die lyk van die tweede oorledene. Dit was toegedraai in 'n kombers.

Volgens mediese getuienis is albei oorledenes verskeie steekwonde toegedien. Beide is noodlottige nek-wonde toegedien wat met heelwat geweld gepaard moes gegaan het, en hulle moes kort na toediening daarvan gesterf het.

Nadat getuienis met bogemelde strekking gelei is, het die appellant sy pleit gewysig. Hy het toe op vier van die vyf aanklagte, insluitende die twee moordklagte, skuldig gepleit. Dit het gepaard gegaan met die inhandiging, ingevolge art 112 (2) van die

Strafproseswet (51 van 1977), van 'n skriftelike verklaring van die appellant. Die Staat het die gewysigde pleit aanvaar en sy saak gesluit, waarop die appellant ook sy saak gesluit het sonder om enige getuienis aan te bied. Hugo het insgelyks gehandel. Op daardie stadium was daar nie aanvaarbare getuienis dat die appellant of Hugo een van die geweldenaars was nie, of dat hulle andersins by die pleging van die tersaaklike misdrywe betrokke was nie. Hugo is gevolglik vrygespreek. Op sterkte van die erkennings vervat in sy verklaring en die getuienis wat wel gelei is, is die appellant egter op onder andere die twee moordklagte skuldig bevind.

Bedoelde erkennings is vervat in 'n gedeelte van die verklaring wat soos volg lui:

"Op Saterdag, 27 Desember 1986 het ene Petrus Hugo [nie die mede-beskuuldigde nie] en Rosman Chaniswa my genader en my gevra om hulle die volgende dag te vergesel op 'n rooftog na die plaas 'Etsamphra'.

Die plaas het behoort aan die oorledene, Francis Borman Roberts, sover my kennis gestrek het.

Die twee het my ingelig dat tydens die roof hulle beplan het om vir Ishmael Maine te dood.

My opdrag was om net wag te staan buite sy kamer en ek hoef self nie deel te neem aan die moord nie.

4.

Ons het mekaar weer op Sondag, 28 Desember 1986 in die oggend ontmoet en het begin drink.

Eksel self het ongeveer twaalf biere gedrink. Dit was 'Castle dumpies' gewees.

5.

Later die middag is ons na die betrokke plaas.

Petrus en Rosman was bewapen met lang jagmesse - Eksel self was onbewapen.

Dié twee het Ishmael se kamer binnegegaan, terwyl ek buite die motorhuis gestaan en wag gehou het.

Na 'n ruk het ek vir die oorledene, Francis Roberts opgemerk.

Hy het in die tuin geloop in die rigting van Ishmael se buitekamer.

Ek het toe om die agterkant van die motorhuis weggekruip en nie gesien wat van mnr Roberts geword het nie.

7.

Ek het egter voorsien dat as mnr Roberts vir Petrus en Rosman sou teëkom, dat hulle

7.

vir hom ook sou vermoor, en myself daarmee vereenselwig.

8.

Daarna het Petrus en Rosman my na Ishmael se kamer geroep.

Toe ek binnegaan, sien ek beide oorledenes op die vloer lê.

Petrus en Rosman het my toe 'n hamer oorhandig en aanbeveel om mev Roberts te gaan slaan sodat ek ook 'n deel aan die moorde kon hê.

9.

Ek het die hamer geneem en na die hoofwoning beweeg.

Mev Roberts het binne die huis verdwyn en die voordeur gesluit.

Petrus het toe die voordeur se ruit stukkend geslaan en ons het die huis binnegedring.

10.

Ek het mev Roberts in die kombuis teëgekom en haar met die hamer begin aanrand. Op 'n stadium het ek geskrik en besef wat ek doen, is verkeerd.

11.

Ek het met die aanval opgehou en daarna die kamers deursoek vir items wat gesteel kon word.

12.

Ek het R200,00 kontant en 'n draagbare radiò-kassetspeler geneem. Ek het geweet

dat dit wederregtelik was en sonder die eienaar se toestemming geneem is.

13.

Daarna het Petrus en Rosman my geroep en ons het die toneel verlaat. Rosman het die sleutels van 'n Datsun Laurel gevind en hy het die motor geneem.

Ek het gevolg in Rosman se eie voertuig, 'n Ford Cortina."

Nadat die appellant skuldig bevind is, het die advokate die hof aangaande versagtende omstandighede toegesprek. Die appellant het nie getuienis in hierdie verband aangebied nie, maar sy advokaat het gesteun op 'n verdere gedeelte van sy verklaring waarop ek later terugkom. Soos reeds gemeld, het die hof toe bevind dat daar ten aansien van die tweede klag geen versagtende omstandighede was nie. In die lig van hierdie bevinding was die verhoorregter klaarblyklik van mening dat hy geregtig - en verplig - was om die doodstraf op bedoelde klag op te lê, en het hy gevolg daaraan gegee.

In hierdie hof het die appellant se advokaat in eerste instansie betoog dat die verhoorregter nie by magte was om die doodstraf op te lê nie, en ek meen dat hy gelyk gegee moet word.

Art 112 (1) van die Strafproseswet magtig die ondervraging van 'n beskuldigde wat op 'n aanklag skuldig pleit, welke pleit deur die Staat aanvaar word. In geval van 'n "ernstige" misdryf is 'n ondervraging ingevolge art 112 (1) (b) verpligtend. Dit moet daarop gerig wees om vas te stel of die beskuldigde die bewerings in die aanklag erken. Indien die voorsittende regter, streeklanddros of landdros dan oortuig is dat die beskuldigde skuldig is aan die betrokke misdryf, kan hy die beskuldigde op sy pleit van skuldig aan daardie misdryf skuldig bevind en 'n geoorloofde vonnis opleë. Wat vonnis betref, geld egter die volgende voorbehoud: "Met dien verstande dat die doodvonnis nie opgelê word nie tensy die skuld van

die beskuldigde bewys is asof hy onskuldig gepleit het."

Art 112 (2) maak voorsiening vir 'n alternatiewe prosedure wanneer 'n beskuldigde op 'n aanklag skuldig pleit. Indien hy of sy regsverteenwoordiger 'n verklaring van hom inhandig waarin hy "die feite uiteensit wat hy erken en waarop hy skuldig gepleit het", en die hof oortuig is dat hy skuldig is aan die betrokke misdryf, kan die hof, in plaas van 'n ondervraging ooreenkomstig subartikel 112 (1) (b), hom op grond van die verklaring skuldig bevind "en vonnis soos in genoemde sub-artikel bepaal". Art 112 (1) (b) bevat slegs twee bepalings aangaande vonnis. Die eerste magtig die hof om 'n geoorloofde vonnis op te lê. Die tweede (die voorbehoudsbepaling) verbied 'n hof om die doodvonnis op te lê tensy die beskuldigde se skuld daadwerklik bewys is. Dit is derhalwe duidelik dat beide bepalings van toepassing is ook indien 'n beskuldigde op grond van sy verklaring op 'n aanklag van

moord skuldig bevind word. Anders gestel, n beskuldigde kan bloot op grond van n ondervraging ingevolge art 112 (1) (b) of die inhandiging van n verklaring ingevolge art 112 (2) aan moord skuldig bevind word, maar nie die doodvonnis opgelê word nie.

Art 112 vind normaalweg toepassing wanneer n beskuldigde by die aanvang van n verhoor onskuldig pleit. Daar is egter niks in die artikel wat spreek teen n aanwending van die bepaling daarvan indien n beskuldigde wat aanvanklik onskuldig gepleit het sy pleit wens te verander nadat die Staat getuienis begin lei het nie - mits, natuurlik, die aanklaer bereid is om op daardie stadium n pleit van skuldig te aanvaar. Dit mag dan egter nie nodig wees om die beskuldigde te ondervra, of vir hom om in sy verklaring erkennings te maak, aangaande elemente van die misdaad wat reeds deur getuienis bewys is nie.

Bogenoemde voorbehoudsbepaling geld egter ook

indien h ondervraging geskied, of h verklaring ingehandig word, nadat h beskuldigde soos voornoemd sy pleit gewysig het. Die doodvonnis kan naamlik nie opgelê word tensy die beskuldigde se skuld bewys is asof hy onskuldig gepleit het nie. Bewys in hierdie verband behels bewys van al die elemente van die misdaad, en erkennings wat h beskuldigde tydens ondervraging of in h verklaring maak, konstitueer klaarblyklik nie sodanige bewys nie. Indien dit anders was, sou die voorbehoudsbepaling immers nooit toepassing kon vind nie.

Dit kom dus nie daarop aan of die Staat reeds getuienis begin lei het, en h element of elemente van die misdaad bewys het, alvorens die beskuldigde sy pleit gewysig het nie. Veronderstel byvoorbeeld dat h beskuldigde onskuldig pleit op h aanklag van moord. Later wysig hy sy pleit na een van skuldig en die Staat aanvaar dit. Die enigste getuienis wat tot op daardie

stadium gelei is, toon aan dat die ontbinde lyk van die oorledene deur iemand aangetref is. Dit blyk egter nog nie of hy aan natuurlike oorsake of weens gemene spel gesterf het nie. Tydens 'n ondervraging ingevolge art 112 (1) (b) erken die beskuldigde dan dat hy wederregtelik die oorledene 'n meswond toegedien het met die opset om hom te dood en dat laasgenoemde oombliklik gesterf het. Geen verdere getuienis word gelei nie. Die beskuldigde kan dan op grond van sy erkennings aan moord skuldig bevind word, maar kan nie die doodstraf opgelê word nie omdat daardie bevinding geheel of gedeeltelik op bedoelde erkennings, in teenstelling tot bewys deur die Staat, berus. Dieselfde sou geld indien die Staat bewys het dat die oorledene vermoor is, hoewel nog nie deur wie nie, voordat die beskuldigde sy pleit gewysig het.

Dit volg dus dat ongeag die stadium waarop 'n beskuldigde aan moord skuldig pleit, erkennings wat hy

ingevolge art 112 (1) (b) of (2) maak buite rekening gelaat moet word wanneer besin word of die doodvonnis opgelê kan word. Kortom, die doodvonnis is nie 'n bevoegde vonnis nie tensy die Staat al die elemente van die ten laste gelegde moord bewys het.

'n Beskuldigde kan natuurlik ingevolge art 220 formele erkennings maak. Dit sou dus kon gebeur dat nadat 'n beskuldigde informele erkennings ingevolge art 112 gemaak het, hy daarna elke relevante feit formeel erken. Die vraag of in so 'n geval gesê sou kon word dat "die skuld van die beskuldigde bewys is asof hy onskuldig gepleit het", ontstaan nie in casu nie en kan daargelaat word. Ek sê so omdat die appellant nie eie formele erkennings gemaak het nie en dit nie blyk nie dat hy aandadig aan die moorde was indien sy verklaring buite rekening gelaat word.

Die verhoorhof se aandag is blykbaar nie op die voorbehoudsbepaling gevestig nie. Dit het

meegebring dat onnodiglik besin is oor die vraag of versagtende omstandighede aanwesig was. Nieteenstaande die bepalinge van art 277 (1) van die Strafproseswet was die doodvonnis nie 'n geoorloofde vonnis nie, en was dit derhalwe ontersaaklik of daar versagtende omstandighede, soos bedoel in art 277 (2), aanwesig was. Dit volg dus dat die doodvonnis op die tweede aanklag tersyde gestel en deur gevangenisstraf vervang moet word.

In sy verklaring meld die appellant sekere feite wat, so voer hy aan, "as versagtende omstandighede sal geld" ten aansien van beide moordklagte. Die juistheid van daardie feite is deur die Staat aanvaar, hoewel nie toegegee is dat hul "versagting" daargestel het nie. Hulle kan soos volg saamgevat word: Die oggend van 28 Desember 1986 het die appellant en sy mede-samesweerders mekaar ontmoet en begin drink. Die appellant het ongeveer 12 biere

gedrink. Hy was onder die invloed van drank "maar nie sodanig dat ek nie besef het wat ek gedoen het nie". Hierbenewens was hy "onder die invloed en leiding" van die ander twee wat fisies die moorde gepleeg het.

Hierdie "feite" kan by die bepaling van 'n gepaste termyn gevangenisstraf op die tweede klag bitter min gewig dra. Dit blyk geensins tot welke mate die appellant onder die invloed van drank was toe hy en die ander twee op die plaas aangekom het nie. Net so min blyk dit welke invloed die ander twee op hom uitgeoefen het. Wat daardie klag betref, is bowendien reeds die vorige dag ooreengekom dat die tweede oorledene ter uitvoering van die voorgenome roof vermoor sou word. Geen melding word in die verklaring gemaak nie van enige besondere oorrëding van die ander twee voordat die appellant ingestem het om by die komplot betrokke te wees. Die feit dat ooreengekom is dat hy buite die tweede oorledene se kamer sou wagstaan

en nie fisies by die moord op hom betrokke sou wees nie, tel ook nie in sy guns nie. Die afspraak was immers juis dat die tweede oorledene vermoor sou word ten einde 'n beplande roof tot voordeel van al drie samesweerders te bevorder. Indien die doodvonnis 'n geoorloofde vonnis was, sou daar dan ook nie fout te vind gewees het met die verhoorhof se bevinding dat daar nie versagtende omstandighede was nie. 'n Gepaste vonnis is gevolglik een van 25 jaar gevangenisstraf.

Die appellant se advokaat het ook betoog, weliswaar nie met veel entoesiasme nie, dat die vonnis op die eerste klag treffend onvanpas is. Daar steek nie enige pit in hierdie betoog nie. Die appellant het ongetwyfeld voorsien dat indien iemand sy medesamesweerders op heterdaad sou betrap, hy ook waarskynlik vermoor sou word, en het onverskillig teenoor die intrede van so 'n gevolg gestaan. Die vonnis van 12 jaar gevangenisstraf was dus moontlik

ietwat genadig. Met die oog op die kumulatiewe effek van die vonnisse op die twee moordklagte, asook die vonnisse van 7 en 5 jaar gevangenisstraf wat op die derde en vierde aanklagte opgelê is, behoort egter beveel te word dat al die ander vonnisse samelopend met die vonnis op die tweede klag moet wees.

Gevolglik slaag die appèl tot die mate dat die doodvonnis op die tweede klag tersyde gestel word en vervang word met 25 jaar gevangenisstraf. Die vonnisse wat die verhoorregter op die ander drie aanklagte opgelê het, moet saamloop met die vonnis op die tweede klag.

H.J.O. VAN HEERDEN AR

STEYN AR

STEM SAAM

EKSTEEN AR